Snorkelduik

"Die hele skepping is God se ateljee."
- Dante Alighieri

Doelwit: *Om 'n vaardigheid vir Verkenners aan te leer wat benut kan word vir waarneming en ondersoek in die water, om sodoende 'n liefde en waardering vir die waterlewe te kweek.*

Weergawe: *2007.0*

Datum: *Augustus 2007*

Begronding:

Voortrekkerkode:
6. 'n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing.
9. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.

ABC: Die Verkenner ontwikkel 'n spesifieke voorliefde vir die waterlewe deur die voltooiing van die spesialisasie. Die kennis wat so opgedoen word, kan die Verkenner gebruik in die bewaring van waterlewe. Indien die Verkenner sou kies om verdere kursusse in scubaduik te voltooi sal hy/sy ook later hierdeur 'n inkomste kan verdien. 'n Uitbouing van die Verkenner se bydra tot 'n suksesvolle Suid-Afrika.

Aanbiedingsvereistes:

Tydsduur:	4 dae	**Graadgroep:**	8 - 12
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	Die spesialisasie kan individueel afgehandel word, maar praktiese duiksessies moet saam met 'n kameraad plaasvind.		
Toekennings instansie:	Kommando / Gebiedskamp		

Uitkomste:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. *Vertroud wees met die verskillende tipes snorkeltoerusting, asook die gebruik en versorging daarvan.*
2. *Die internasionale snorkel- en scubahandseine ken.*
3. *Vertroud wees met duikfisika.*
4. *Die duikleuse ken en verstaan.*
5. *Vertroud wees met duikfisiologie en die uitwerking van druk op die liggaam van die mens.*
   - *5.1 Abnormale situasies wat tydens 'n duik kan ontstaan ken en die simptome kan behandel.*
6. *Bewus wees hoe om omgewingsvriendelik te snorkelduik.*
7. *Die volgende snorkelvaardighede bemeester en 'n praktiese snorkelduiktoets aflê (hierdie tegnieke moet onder toesig in 'n swembad gedoen word):*
   - *7.1 Tegnieke om water binne te gaan met snorkeltoerusting.*
   - *7.2 Skoptegnieke.*
   - *7.3 Met 'n duikbril, snorkel en swemvinne op die oppervlak van die water snorkel.*
   - *7.4* ***Twee*** *blaastegnieke om water uit 'n snorkel te verwyder kan toepas.*
   - *7.5 'n Swembadlengte onder water met duikbril, vinne en snorkel deurswem en die snorkel met een van die blaastegnieke skoonblaas wanneer die oppervlak bereik word.*
   - *7.6 Met 'n snorkel en vinne (sonder die duikbril) swem sonder om die neus toe te druk.*
   - *7.7 Oppervlak-bodem duiktegnieke.*
   - *7.8 Dryfbaarheidstoets.*
   - *7.9 Duikbril onder die water skoonblaas.*
   - *7.10 Voorwerpe op die bodem met snorkeltoerusting uitduik.*
   - *7.11 Met duikpak en gewigte snorkel en bodemduike doen.*
8. *Reddingstegnieke ken en prakties kan toepas.*
   - *8.1 Weet hoe om in 'n noodgeval op te tree.*
   - *8.2 Vertroud wees met die telefoonnommer en ligging van die naaste reddingsinstansie.*

9. *In die oop water snorkel (onder toesig).*

10. *Die volgende doen ten opsigte van die see- **of** varswater:*
    - *10.1 Bewus wees van gevaarlike lewe in die water en die behandeling van simptome of beserings.*
    - *10.2 'n Akwarium kan onderhou.*
    - *10.3 Diertjies identifiseer, uithaal en versorg (met die hulp van 'n marinebioloog, bioloog, natuurbewaarder of kundige persoon).*
    - *10.4 Inligting inwin oor een interessante dier wat in die water woon.*